’n Hart vol lof aan God vuur ander aan om saam te sing

Skrifgedeelte: Psalm 34:1-11
(1983-vertaling)
Fokusgedeelte: Psalm 34:3

In hierdie Psalm dink Dawid terug aan nog ’n keer toe sy lewe in doodsgevaar was. Hy dink aan die gebeure in 1 Samuel 21:12-15. In sy nood om van Saul af weg te kom, het Dawid na hulle aartsvyande, die Filistyne, gevlug. Hulle herken hom as die groot krygsman van Israel wat sy tienduisende verslaan het. Om homself voor koning Akis (in die Psalm Abimelek genoem) te beskerm, het hy waansinnig opgetree en gemaak of hy kranksinnig is. Gevolglik het koning Akis hom nie veel aan Dawid gesteur nie, en as nog ’n kranksinnige weggejaag.

Dawid sien God se hand daarin dat hy kon wegkom. God het hom weereens uit doodsgevaar gered. Dawid prys die Here en sê dat God se lof altyd op sy lippe sal wees. Hy wil God se lof besing, sodat dié wat ook op een of ander wyse swaarkry en beangs is, dit sal hoor. Hulle moet ook weet dat hulle met vertroue in God nie teleurgesteld sal staan wanneer hulle om sy hulp en genade pleit nie.

Ongeag ons swakhede en sondes, wat ons soms soos waansinniges laat optree en ons eie ondergang bewerk, sodat ons moet vlug, sien Jesus Christus ons nog raak en Hy hoor ons pleitroepe. Toe duistere magte gekom het om Hom gevange te neem, het Hy hulle nie probeer ontwyk nie, maar tegemoet gestap (Luk. 22:53). Hy het Homself oorgegee sodat ons wat in Hom glo, telkens weer vry kan kom.

Kan ander al by jou ’n loflied hoor omdat die Here jou genadig was, jy die motorongeluk oorleef het, jy weer ná kanker gesond kon word? Is dit nie tyd dat ons ons stilswye voor ander moet verbreek nie?

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE
Publikasie
Publication
CALVYN JUBILEUM
GOORE TONGE
Nr./No.: P19